

20 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 33:1-9, 22

Fokusgedeelte: Psalm 33:5, 6

Die skepping openbaar God se liefde

Psalm 33 roep ons op om 'n loflied tot God te sing waarin jy alles gee – 'n nuwe lied met volle oorgawe. 'n Loflied, want God leer ons om anders, troosvol na hierdie aarde te kyk. Kan ons anders as om in lof uit te breek wanneer ons na die grootsheid van die skepping kyk? Die wêreld is immers nie net roemryk die werk van God se hande nie –die hele wêreld is ook vol van sy troue liefde (vs. 5). Anders vertaal: die wêreld is vol van sy vriendelikheid, sy goedheid, van die vurige ywer van sy liefde.

Beleef jy die wêreld so? Is dit nie vol onheil, korrupsie, konflik, hartseer, wanorde en wanhoop nie? Met geloof kan ons egter oor hierdie dinge heen kyk en God se liefdesgoedheid oor die wêreld heen raaksien. Hy sorg vir al wat leef, Hy gee reën, Hy gee voedsel vir plant en dier. Sien dit raak – bo al die onheil! God spreek volgens vers 6 net 'n woord, en die hemele is gemaak, dan kan en sal Hy in sy goedheid en ywer sorg vir al wat leef.

Ons moet egter nog meer jubel! Psalm 33 het 'n nog ryker inhoud in Christus gevind. Johannes 3:16 – “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het.” Voller kan God se goedheid, sy liedesywer nie oor hierdie wêreld gestort word nie.

Met lof begin Psalm 33, omdat die skepping vol is van God se liefde. Met 'n smeekgebed eindig vers 22: “Hou u liefde oor ons, Here” (dieselfde liefde van vers 5 wat oor die skepping uitgestort is). En hierdie smeekbede eindig met 'n jubelende belydenis: “Want ons stel ons vertrou in U”! Kyk om jou, en in jou, LEEF en LOOF jou Here!

Sing: Psalm 33:3 (Totius)

Ds. HJ Briel (Petrusburg/Boshof)